Opportunistiese gedrag benadeel almal

Beesvleis is 'n belangrike bron van proteïen in Suid-Afrika met 'n verbruik van bykans 18 kg per kop per jaar – slegs hoendervleis presteer beter. Enige opportunistiese gedrag binne die waardeketting het 'n ongunstige uitwerking op verbruikers én boere.

DIE prys van beeskarkasse toon sedert September 2022 'n dalende neiging, luidens die voedselprysmoniteringsverslag vir September 2023 wat deur die mededingingskommissie van Suid-Afrika saamgestel word.

Die kommissie ontleed totale pryse en marges op produsentevlak (voerkrale) én op handelsvlak. Hy het bevind dat produsentepryse vir 'n groot deel van 2023 gedaal het ná 'n periode van hoër pryse in 2022.

Die beesvleiswaardeketting tel onder dié voedselwaardekettings in Suid-Afrika waar daar bewyse van die vuurpyl-en-veer-situasie is. Dit verwys na 'n situasie waar pryse vinnig styg in reaksie op 'n kostestyging, maar baie stadig daal wanneer koste verlaag word.

Die beesvleiswaardeketting het die afgelope paar jaar meer gekonsentreerd en meer geïntegreerd geraak. Dit het die kans op onmededingende prys-praktyke verhoog.

Dit vind plaas teen die agtergrond van beter winsgewendheid in die voerkraalbedryf wat daarop dui dat insetkoste vinniger daal.

Laer produsentepryse is egter nie ten volle omgeskakel in laer handelspryse nie, wat toon dat handelaars nie al hul kostebesnoeiings deurgee na verbruikers nie. Gevolglik het die handelaarsaandeel van handelspryse 'n historiese hoë vlak bereik, terwyl die produsente-aandeel histories laag is.

Prysontleding

Die bedryf gebruik 'n mielies-tot-karkas-verhouding met 'n teiken van 14 om die winsdruk wat voerpryse op die waardeketting kan uitoefen, te verstaan.

Dit beteken dat 'n voerkraal winsgewend kan wees as 1 kg karkas dieselfde waarde as 14 kg mielies het, terwyl 'n hoër verhouding beter is (as 1 kg karkas hoër waarde as mielies in koste het). Die mielies-tot-karkas-verhouding het in September 2022 onder dié basislyn geval, maar dit het in April 2023 'n vlak van 15,21 bereik. In Julie was die waarde 13,99.

Die produsente-aandeel van die handelspryse het in Januarie vanjaar van 52,83% tot 47,13% geval – die grootste enkele sprong (opwaarts of afwaarts) sedert 2021.

Terselfdertyd het die handelaarsaandeel van 32% tot 39,08% gestyg.

Die boer se aandeel het in dié tyd van 14,53% tot 13,79% gedaal.

Prysvorming in die rooivleiswaardeketting begin met die pryse wat aan boere betaal word vir lewende diere. In die ses maande van Januarie tot Junie vanjaar het die prys van speenkalwers met 21% gedaal – van R37,48/kg tot R29,61/kg.

Dié aansienlike daling is toegeskryf aan laer karkaspryse en 'n hoër karkasaanbod.

Terwyl dit gunstig vir verbruikers kan wees, het produsente besef dit is nie haalbaar om hul speenkalwers teen minder as R30/kg te verkoop nie.

Speenkalfpryse was in 2022 deur die bank aansienlik hoër as R30/kg. Die gemiddelde prys was R37,95/kg.

Speenkalfpryse was relatief swak in die tweede helfte van 2022, ná 'n volgehoue daling in die eerste maande van daardie jaar. Ontleders meen dit was waarskynlik die gevolge van hoër voerkoste en 'n laer vraag.

Karkaspryse buite die abattoir is die volgende stap in die rooivleiswaardeketting se prysvormingproses. In dié stadium is daar reeds aansienlike waarde tot die diere gevoeg aangesien hulle in die voerkrale soveel gegroei het dat dit moontlik is om die diere te slag en die vleis aan handelaars te verkoop.

Omdat die karkasgewig van 'n dier laer as sy lewende gewig is, toon abattoirs in die algemeen 'n verlies op die vleis, maar word daarvoor vergoed deur die huid en afval wat van die karkas verkry word.

Pryse van beeskarkasse het die afgelope jaar gedaal. Produsentepryse (A2/A3-karkaspryse) het van R62,43/kg verlede Julie tot R51,17/kg in Julie vanjaar gedaal. Die uitbreking van bek-en-klouseer in 2022 en die gepaardgaande verbod op die beweging van beeste het tot 'n tekort aan die voorraad gelei, wat tot hoër pryse gelei het.

Voerkrale en abattoirs gebruik die verhouding tussen speenkalf- en karkaspryse as maatstaf van winsgewendheid. Die ideaal is dat speenkalfpryse minder as 65% van die karkasprys moet wees. Die bedryf het dié basislyn in Mei 2022 bereik. Daarom het die bedryf sedertdien tekens van beter winsgewendheid getoon.

Winsmarge

Voor Mei 2022 het die beesvleisbedryf skynbaar 'n mate van winsdruk ervaar aangesien die verhouding tydens die hele 2021 bo 70% was – wat minder inkomste toelaat om vir produksiekoste in te staan en winsmarges in stand te hou.

Die koste van voer tel onder die uitgawes wat deur die verkope van karkasse verhaal moet word. Voer is regdeur die produsentewaardeketting een van die belangrikste insetmiddels en het dus 'n uitwerking op pryse. Dit geld vir boere wat speenkalwers aan voerkrale lewer.

Geelmieliepryse is sedert Oktober 2022 in 'n afwaartse kurwe (saam met karkaspryse).

Gegrond op die mielie-en-karkasprys moes verbruikers voordeel getrek het uit laer pryse vir die snitte wat hulle koop, asook van waardetoegevoegde produkte, soos hamburgerpatties. **LBW**

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE RPO GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF.
RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY TEL. **012 349 1102**
E-POS: **rpo@lantic.net** | WEBWERF: **www.rpo.co.za**